Die Verenigende Christen-Studentevereniging van SA

GRONDWET

van die
Verenigende Christen-Studentevereniging
van Suider-Afrika

Met wysiginge soos aangebring deur die Nasionale Konferensie op 20 April 2007 en voorstelle vir verdere wysiginge in die lig van die besluite van die Nasionale Konferensie.

(Voorstelle vir die skrap van teks is ~~deurstreep~~. Voorstelle vir die byvoeging van nuwe teks is onderstreep.)

Verklaring van terminologie

"die Kerk": verwys na die Christelike Kerk in die algemeen soos vergestalt in 'n verskeidenheid van denominasies.
"kerke": verwys na spesifieke Christelike denominasies.
"organisasies": 'n algemene term wat verwys na verenigings, kerke, liggame, bewegings, ens in die breër sin.
"adviserend": persone met sodanige stem mag ten volle aan debatte in vergaderings deelneem maar mag nie stem nie.
"waarnemerstatus": persone met hierdie status woon vergaderings as waarnemers by, mag nie deelneem aan debatte of stem nie, maar kan op versoek spreekbeurte neem.
"spoedeisende sake": dit is sake wat dringend aandag verdien, nie tot die magte van meerdere vergaderings beperk is nie en wat skade vir die vereniging sou bring as dit nie vinnig hanteer word nie.
"versuim": wanneer 'n lid of amptenaar van die vereniging nalaat om enige handeling wat aan hom opgedra is, uit te voer.
"buitengewone gevalle": dit is omstandighede wat nie normaalweg voorkom nie, maar wat spesifieke optrede vereis om die beste belang van die Koninkryk en die vereniging te dien.

Hoofstuk 1

Algemeen

1. Artikel 1

1.1 Die Naam

Die naam van die organisasie is "Die Verenigende Christen-Studentevereniging van Suider Afrika" (VCSV) of "The Uniting Christian Students' Association of Southern Africa" (UCSA).

1.2 Aard

Die VCSV is 'n nie-rassige, multikulturele en interdenominele vrye Christelike vereniging wat op belydenisgrondslag staan; sonder oogmerk van winsbejag; met volle regspersoonlikheid; wat draer is van sy eie regte en verpligtinge; en geen lid van die VCSV het enige aanspraak op enige van die

VCSV se bates of inkomste nie; en ook geen aanspreeklikheid vir enige van die VCSV se laste of verpligtinge nie.

1.3 Belydenisgrondslag

1.3.1 Ons glo in die drie-enige God (Vader, Seun en Heilige Gees) wat almagtig is en ewig bestaan.

1.3.2 Ons glo in die soewereiniteit van God wat die mensdom na sy eie beeld geskape het.

1.3.3 Ons glo in Jesus Christus, die Verlosser, die Seun van God en dat Hy die Here is van elke faset van die samelewing en mense se persoonlike lewens. Deur Sy dood en opstanding ontvang ons vergiffenis van ons sonde en word ons versoen met God en ons naaste.

1.3.4 Ons glo in die Heilige Gees wat mense beweeg tot sondebelydenis, hulle heilig maak deur sy inwonende krag en deur hulle die samelewing vernuwe.

1.3.5 Ons glo dat die Bybel die geïnspireerde Woord van God is, waardeur Hy Homself en sy wil aan ons openbaar en die finale gesag is. Ons aanvaar die Bybel as die bron van die waardes en norme waarop ons lewens en die samelewing gebou moet word. Die boodskap van die Bybel is tot die hele mensdom gerig en daardeur spreek die Heilige Gees tot mense van elke kultuur sodat hulle die waarhede daarin kan begryp.

1.3.6 Ons glo aan die Heilige Algemene Kerk wat saamgestel is uit mense wat Jesus Christus opreg bely as Verlosser en Here. Hy bind ons saam as lede van sy liggaam tot ’n eenheid wat reik oor alle grense soos ras, geslag, taal of kultuur en stuur ons uit om die evangelie tot aan die eindes van die aarde te gaan verkondig.

1.3.7 Ons glo dat God ons roep tot volkome gehoorsaamheid aan Hom in elke faset van ons lewe.

1.3.8 Ons glo dat Jesus Christus weer kom om die lewende en die dode te oordeel en vir ewig te heers as Koning.

2. Artikel 2

2.1 Doelstellings

Die vereniging wil in afhanklikheid van die Here:

2.1.1 die eer en verheerliking van God Drie-enig altyd in alles voorop stel;

2.1.2 hierdie Drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees, soos in sy Woord geopenbaar, aan jongmense verkondig;

2.1.3 lede aanmoedig om hul geloof in Jesus Christus as die enigste Verlosser van die wêreld te bely en om as dissipels van Jesus Christus te leef;

2.1.4 met die oog op bogenoemde, lede aanspoor tot getroue Bybelstudie en gebed;

2.1.5 lede begelei tot geestelike volwassenheid deur onderlinge geloofsgemeenskap rondom die Woord;

2.1.6 lede aanmoedig om op elke terrein van die lewe in woord en daad getuies vir Christus te wees;

2.1.7 lede help om met ’n Bybel-gefundeerde, konsekwente en Christus-gesentreerde lewensbeskouing die eise van die dag waarin ons lewe te benader;

2.1.8 by lede ’n sensitiwiteit ten opsigte van die nood van hulle medemens kweek en hulle aanspoor om vir geregtigheid, vrede en versoening in die samelewing te werk;

2.1.9 by lede lojaliteit aan hulle eie kerk inskerp en hulle help opbou tot meelewende lidmate van hul onderskeie kerke;

2.1.10 verhoudings met alle kerke en instansies wat die doelstellings van die VCSV ondersteun, ontwikkel;

2.1.11 ’n Christelike teenwoordigheid op die kampusse van alle opvoedkundige inrigtings in Suid-Afrika daarstel;

2.1.12 lede aanspoor tot goeie en sinvolle verhoudings met die lede van ander Christelike organisasies wat in die breë dieselfde doelstellings en belydenisgrondslag as die VCSV het;

2.1.13 versoening en eenheid onder alle Christenstudente nastreef;

2.1.14 lede motiveer en mobiliseer tot diens en die uitbreiding van die Koninkryk van God oor die hele wêreld;

2.1.15 werk tot die herstel van eenheid met die susterorganisasies van die VCSV en ander organisasies wat in breë dieselfde doelstellings en belydenisgrondslag het;

2.1.16 ’n medeverantwoordelikheidsin, spanwerk en leierskap in teenstelling met ’n individualistiese tydsgees by lede aanmoedig;

2.1.17 ’n Skrifgefundeerde kritiese ingesteldheid op die lewe met al sy fasette by lede aanwakker en bevorder, en selfondersoek en openhartigheid onder mekaar aanmoedig.

2.2 Verbintenis tot die grondbeginsels van die VCSV

Dit word van alle bestaande en nuwe personeel en besture verwag om die beginsels eie aan die aard van die VCSV, die belydenisgrondslag en die doelstellings soos beskryf in artikels 1 en 2 hierbo, volledig te onderskryf en hulle te verbind aan die daadwerklike bevordering daarvan.

3. Artikel 3

3.1 Verhouding tot Skole en Tersiêre Inrigtings

3.1.1 Die VCSV as vereniging van skoliere en/of studente streef te alle tye na goeie verhoudinge met die onderwysowerhede op alle bestuursvlakke.

3.1.2 Takke van die VCSV word in oorleg met hoofde of die verantwoordelike bestuursliggame van opvoedkundige inrigtings gestig.

3.1.3 Die interne toesig oor die werksaamhede van ’n VCSV-tak geskied dus, in ooreenstemming met die Grondwet, deur hoofde en/of die betrokke bestuursliggaam in samewerking met die verantwoordelike onderwyser / verteenwoordiger van die VCSV.

3.2 Verhouding tot die Kerk

Die VCSV:

3.2.1 wil, mag en kan nooit die werk van die kerke aan hulle jeug vervang nie, maar bied aan lede die geleentheid om in skole en tersiêre inrigtings onderling oor die Woord van die Here te besin en om die opdragte daarin te verwesenlik;

3.2.2 erken as vrye Christelike vereniging die toesig van kerke oor hulle lidmate;

3.2.3 wil tot diens van die Kerk wees in die strewe om lede te roep tot geloofskeuses vir Christus ten opsigte van hulle leefwêreld en om hulle as dissipels van Christus toe te rus;

3.2.4 beskou dit as die taak van kerke om hulle lidmate leerstellig toe te rus;

3.2.5 moedig leraars van kerke wat verteenwoordigend is van ’n beduidende getal lede van ’n tak aan om betrokke te raak by die geestelike leiding op plaaslike vlak;

3.2.6 streef na die goedgesindheid van en positiewe samewerking met al die kerke met ’n belangstelling in die werksaamhede van die VCSV;

3.2.7 onderneem om in die program- en studiemateriaal wat deur die VCSV vir lede beskikbaar gestel word, en in die styl waarin aktiwiteite aangebied word, leerstellige aspekte waaroor daar verskil van mening tussen belanghebbende kerke mag wees, te vermy;

3.2.8 moedig takke of aksies van die VCSV wat nie op die kampusse van skole of tersiêre inrigtings bestaan of plaasvind nie, aan om met die tersaaklike plaaslike kerke te skakel;

3.2.9 verwag van alle persone wat leiding in die vereniging en/of by aktiwiteite van die vereniging neem, om op geen wyse tydens groepbesprekings of enige ander aktiwiteite of byeenkomste van die vereniging, in stryd met die belydenisgrondslag van die vereniging op te tree of toe te laat dat twis oor leerstellige sake ontstaan of dat aktiwiteite beoefen word waaroor meningsverskil tussen kerke mag ontstaan nie;

3.2.10 vereis dat kerke nie VCSV-aktiwiteite gebruik om lidmate te werf nie;

3.2.11 moedig lede en kerke se verteenwoordigers aan om die Bybelse beginsels van verdraagsaamheid, wedersydse konsiderasie en wedersydse geestelike verruiming te handhaaf in die gesamentlike verkeer van lede van verskillende kerkverbande.

Hoofstuk 2

Algemene organisasie en strukture

4. Artikel 4

Lidmaatskap

4.1 Teikengroep

Die VCSV se teikengroep is hoofsaaklik skoliere en studente.

4.2 Lidmaatskap

4.2.1 Lidmaatskap van die vereniging is oop vir skoliere en studente, onderwysers, doserende personeel, ander persone wat in die vereniging behulpsaam is en enige oud-lid of ondersteuner wat hom- of haarself met die belydenisgrondslag en doelstellings van die VCSV kan vereenselwig, sowel as diegene wat in voltydse diens van die vereniging staan, ongeag die persone se kerkverband.

4.2.2 Persone sluit op ’n vrywillige basis by die vereniging aan.

4.2.3 Lidmaatskap van die vereniging kan te eniger tyd deur die Nasionale Bestuur of sy Dagbestuur opgesê en ook geweier word, met opgaaf van redes.

4.2.4 Persone wat nie formeel by ’n tak aansluit nie, kan nogtans die byeenkomste bywoon.

5. Artikel 5

Afdelings en bestuursvlakke

5.1 Afdeling vir Primêre en Sekondêre skole

Daar is twee bestuursvlakke in hierdie afdeling:

* die eerste vlak – Provinsiale / Gebiedsbesture;

* die tweede vlak - Takbesture in skole.

Provinsiale besture kan saamgroepeer sodat Gebiedsbesture gevorm word met funksies wat die funksies van die betrokke Provinsiale Besture kan oorneem. Indien afgewyk word van die bestaande provinsiale grense, dan ook in oorleg met die Nasionale Bestuur.

Provinsiale besture kan, indien nodig en na oorlegpleging met die Nasionale Bestuur, onderverdeel in Streekbesture (wat dan die tweede bestuursvlak, en takbesture die derde bestuursvlak sal wees).

5.2 Afdeling vir Tersiêre inrigtings

Daar is twee bestuursvlakke in hierdie afdeling:

* die eerste vlak - Nasionale Studentebestuur waarin die Takbesture verteenwoordig word;

* die tweede vlak - Takbesture in tersiêre inrigtings.

5.3 Afdeling vir oud-lede en ondersteuners

Daar is drie bestuursvlakke in hierdie afdeling:

* die eerste vlak - Nasionale Ondersteunerskomitee waarin die Provinsiale komitees verteenwoordig is;

* die tweede vlak - Provinsiale Ondersteunerskomitees op provinsiale vlak;

* die derde vlak - Tak Ondersteunerskomitees op plaaslike vlak.

5.4 Nasionale komitees

- Nasionale komitees word saamgestel en ontvang sekere gespesialiseerde opdragte van die Nasionale Bestuur.

5.5 Die Nasionale Bestuur

Die Nasionale Bestuur is die hoogste bestuursvlak en beleidmakende liggaam in die VCSV. Die Nasionale Bestuur moet egter die VCSV se provinsiale konferensies gereeld raadpleeg om inspraak te verseker en uitvoering te gee aan die bepalings van Artikels 12 tot 14 hierna.

Die verskillende afdelings word onder meer in die Nasionale Bestuur verteenwoordig.

Die Hoofkantoor het die uitvoerende funksie van die beleid soos bepaal deur die Nasionale Bestuur.

5.6 Die Provinsiale- / Gebieds-Konferensies

Die Provinsiale / Gebiedskonferensies is die hoogste beleidmakende liggame op provinsiale vlak in die VCSV. Takke van die VCSV word in die Provinsiale Konferensies verteenwoordig.

6. Artikel 6

Provinsiale en Gebiedskonferensies

6.1 Samestelling

Elke Provinsiale/Gebiedsbestuur stel self ’n reglement op vir die samestelling van hul eie Provinsiale/Gebieds Konferensie en lê dit aan die Nasionale Dagbestuur voor vir goedkeuring. Die volgende dien as algemene riglyne:

6.1.1 Die Konferensie moet verteenwoordigend wees van die takke en die lede van die VCSV in die bepaalde provinsie/gebied.

6.1.2 Die Konferensie moet aan leerders, studente, onderwysers en ander vrywilligers wat by die VCSV betrokke is die geleentheid gee om hulle insette te lewer oor die rigting waarin die VCSV ontwikkel, oor belangrike besluite soos die wysiging van hoofstukke 1 en 4 van die Grondwet, die ontbinding van die vereniging of die vereniging met ’n ander vereniging.

6.1.3 Die Konferensie kan geskeduleer word om saam te val met ander groot provinsiale/gebieds-aktiwiteite soos vakansiekampe.

6.1.4 Die Konferensie moet elke drie jaar formeel gehou word, hoewel die raadpleging van lede deurlopend op ’n jaarlikse grondslag moet plaasvind.

6.1.5 Die Nasionale Bestuur kan versoek dat buitengewone Provinsiale/Gebiedskonferensies gehou word in gevalle waar dringende sake hanteer moet word.

Hoofstuk 3

Die Nasionale Bestuur

7. Artikel 7

Die Nasionale Bestuur

7.1 Samestelling

Die Nasionale Bestuur word soos volg saamgestel:

7.1.1 Namens die Afdeling vir Primêre en Sekondêre Skole:

- een verteenwoordiger, verkieslik die voorsitter, uit elke Provinsiale Bestuur.
- twee verteenwoordigers, waarvan een verkieslik die voorsitter is, uit die Noordelike Gebiedsbestuur.
- een leerder uit elk van die Noordelike, Sentrale en Suidelike gebied.

7.1.2 Namens die Afdeling vir Tersiêre Inrigtings:

- twee verteenwoordigers, waarvan een verkieslik die voorsitter moet wees, van die Nasionale Studentebestuur.

7.1.3 Namens die Afdeling vir Oud-lede en Ondersteuners:

- een verteenwoordiger, verkieslik die voorsitter van die Nasionale Ondersteunerskomitee.

7.1.4 ’n Opvoedkundige wat die belange van die VCSV ten opsigte van die Onderwys-owerhede kan behartig.

7.1.5 Die Uitvoerende Hoof, met stemreg. Hy/sy het egter nie stemreg oor sake wat sy/haar persoonlike diensvoorwaardes raak nie.

7.1.6 Die lede van die voltydse Bestuurspan in adviserende hoedanigheid.

7.1.7 Een verteenwoordiger van elk van die VCSV se susterorganisasies, met waarnemerstatus.

7.1.8 Persone kan met of sonder volle stemreg deur die Nasionale Bestuur of sy Dagbestuur gekoöpteer word.

Waar van toepassing, benoem die verantwoordelike liggame sekundi.

7.2 Dienstermyn

Lede wat deur bepaalde liggame benoem word, se dienstermyn is drie jaar.

7.3 Vergaderings

7.3.1 Die Nasionale Bestuur vergader minstens een keer per jaar.

7.3.2 In hoogs uitsonderlike gevalle mag ’n buitengewone vergadering op besluit van die Dagbestuur of op aandrang van ’n derde van die dienende lede byeen geroep word.

7.3.3 Een meer as die helfte van die aantal dienende lede vorm ’n kworum.

7.3.4 Kennisgewings van vergaderings moet minstens sestig dae voor die tyd aan die lede gepos word. Van buitengewone vergaderings word dertig dae vooraf kennis gegee.

7.3.5 Agendas en werkstukke van gewone vergaderings moet, indien moontlik, een-en-twintig dae voor die vergaderdatum uitgestuur word. Laatstukke mag met goedkeuring van die vergadering in behandeling geneem word.

7.3.6 Sake vir behandeling deur die Nasionale Bestuur mag deur enige lid van die Nasionale Bestuur, sy Dagbestuur, Provinsiale-/Gebiedsbesture, die Nasionale Studentebestuur, die Nasionale komitees of die Nasionale of Provinsiale- / Gebiedskonferensies ingestuur word. Sulke sake en verslae moet die hoofkantoor minstens sestig dae voor die vergaderdatum bereik.

7.3.7 Beskrywingspunte wat op die Grondwet betrekking het, moet minstens negentig dae voor die datum van die vergadering aan die hoofkantoor gestuur word. Hierdie bepaling kan in buitengewone gevalle opgehef word mits die Nasionale Bestuur eenparig daartoe besluit.

7.3.8 Notules van vergaderings moet, indien moontlik, binne sestig dae ná die vergadering aan alle lede gestuur word.

7.3.9 Die Adjunk-Uitvoerende Hoof van die VCSV dien as skriba van die Nasionale Bestuur.

7.3.10 Lede wat verhinder word om ’n vergadering by te woon, stel self hul sekundi, indien enige, daarvan in kennis, en stuur dadelik alle werkstukke aan hom of haar.

7.3.11 Reis- en verblyfkoste word teen die tarief waarop die Nasionale Bestuur besluit, uit die Nasionale Bestuursbegroting aan lede vergoed.

7.4 Ampsdraers

Die Nasionale Bestuur verkies elke drie jaar uit eie geledere en per geslote stembriefie mede-voorsitters (verteenwoordigend van die voormalige verenigings). Indien daar in hierdie ampte vakatures ontstaan, wys die eerste daaropvolgende vergadering van die Nasionale Bestuur ander persone aan. Intussen benoem die Dagbestuur ’n persoon uit sy eie geledere om waar te neem.

7.5 Werksaamhede van die Nasionale Bestuur

Die Nasionale Bestuur:

7.5.1 is die regerende liggaam van die VCSV en is die enigste liggaam in die vereniging wat met regspersoonlikheid beklee is;

7.5.2 ontwikkel die missie en algemene beleidsrigting van die VCSV;

7.5.3 doen die oorhoofse strategiese beplanning en bestuur van die vereniging;

7.5.4 het die reg om enige van sy funksies, buiten die wysiging van die Grondwet, aan sy Dagbestuur of komitees oor te dra en ontvang gereeld verslag van dergelike opdragte;

7.5.5 neem beskrywingspunte wat die Grondwet raak, in behandeling;

7.5.6 neem alle ander verslae, werkstukke en voorstelle in behandeling;

7.5.7 neem verantwoordelikheid vir die aanstelling van die Uitvoerende Hoof, Adjunk-Uitvoerende Hoof en Afdelingshoofde;

7.5.8 stel ’n reglement op waarin die diensvoorwaardes van sy personeel bepaal word;

7.5.9 bepaal die samestelling en pligte van die Uitvoerende Hoof, Adjunk-Uitvoerende Hoof en die Afdelingshoofde, hou toesig oor hulle werk en vul vakatures aan;

7.5.10 stel op advies van die Provinsiale-/Gebiedsbesture provinsiale personeel, en op advies van Nasionale komitees, personeel met spesialisopdragte aan;

7.5.11 bly in noue voeling met die Provinsiale-/Gebiedsbesture en Nasionale komitees, ontvang gereeld verslae van hul werk en bedien hulle waar nodig van advies;

7.5.12 sorg dat die reglemente van die Provinsiale- / Gebiedsbesture en Nasionale komitees nie in stryd is met die Grondwet nie;

7.5.13 het die reg om self, of deur middel van sy Dagbestuur, in uitsonderlike gevalle ’n tak met opgaaf van redes te ontbind, ’n bestuurslid van ’n Tak-, Provinsiale- / Gebiedsbestuur of enige komitee van sy pligte te onthef of enige bestuur of komitee van sy pligte te onthef;

7.5.14 soek en bevorder goeie en sinvolle verhoudings en samewerking met ander Christelike organisasies wat in die breë dieselfde doelstellings en belydenisgrondslag as die VCSV het;

7.5.15 vaardig, wanneer nodig en moontlik, persone af na enige plaaslike of buitelandse konferensie waarby die VCSV kan baat;

7.5.16 benoem Nasionale komitees wat na al die gespesialiseerde belange van die vereniging sal omsien;

7.5.17 verseker dat die lede van die VCSV jaarliks by groot provinsiale of nasionale kampe of ander saamtrekke geraadpleeg word oor die styl en inhoud van programme en oor die rigting waarin die VCSV ontwikkel;

7.5.18 ken die erelidmaatskap van die VCSV toe aan sekere persone, na gemotiveerde voorstelle van Provinsiale- / Gebiedsbesture of Nasionale komitees;

7.5.19 behartig enige ander saak wat direk of indirek betrekking het op die werksaamhede van die vereniging;

7.5.20 bepaal jaarliks plafonbedrae ten opsigte van uitgawes waarvoor nie begroot is nie vir die volgende:
- dringende aankoop van roerende bates;
- dringende instandhoudingswerk;
- dringende lopende uitgawes;
- besluite oor die koop en verkoop van vaste eiendom.

8. Artikel 8

Regte en Tekenmagte

8.1 Die Nasionale Bestuur het die reg om vir die vereniging vaste eiendom of eiendomme aan te koop, te verkry, te ontvang en ook te verkoop, te verruil, te vervreem, te huur of met verband te beswaar.

8.2 ’n Eiendom of eiendomme wat deur die Nasionale Bestuur aangekoop of ontvang word, word oorgedra of geregistreer in naam van die Verenigende Christen-Studentevereniging van Suid-Afrika.

8.3 Alle dokumente wat nodig mag wees in verband met die huur, verhuur, oordrag, verkryging en ontvangs van oordrag van die eiendomme, die passeer, die sessie, substitusie, aflossing of gedeeltelike betaling van ’n verband deur of ten gunste van die vereniging, asook alle ander

dokumente wat nodig mag wees vir die behoorlike uitvoering van hierdie artikel, word geteken en uitgevoer deur enige twee van die persone daartoe gemagtig deur die Nasionale Bestuur.

8.4 Die Nasionale Bestuur het die reg om losgoedere aan te koop, te verkry, te verkoop, te verruil of andersins te vervreem en te verhuur, om enige bates van die vereniging van watter aard ook al te beheer en te belê volgens die alleen goeddunke van die gemelde Nasionale Bestuur, om lenings aan te gaan teen sekuriteit van enige bates van die vereniging, krediet te vind, bankrekenings te open, geld te gebruik soos dit in belang van die vereniging nodig mag blyk en om enige kontrak aan te gaan wat in belang van die vereniging mag blyk te wees, volgens die alleen goeddunke van die Nasionale Bestuur. Enige twee van die persone daartoe gemagtig deur die Nasionale Bestuur van die vereniging voormeld, het die mag om alle dokumente wat nodig mag wees vir enige van die voormelde doeleindes namens die Nasionale Bestuur en/of die vereniging te onderteken.

8.5 Die Nasionale Bestuur het die reg om namens die vereniging in enige hof geregtelike stappe in te stel of te verdedig en twee van die persone deur die Nasionale Bestuur daartoe gemagtig, het die mag om alle dokumente wat hiervoor nodig mag wees, te onderteken.

9. Artikel 9

Die Dagbestuur

9.1 Samestelling

Die Nasionale Bestuur se Dagbestuur word soos volg saamgestel:

9.1.1 Die mede-voorsitters van die Nasionale Bestuur.

9.1.2 Twee lede uit elk van die volgende gebiede:
Noordelike Gebied (Limpopo, Mpumalanga, Noordwes en Gauteng)
Sentrale Gebied (Noord-Kaap, Vrystaat en KwaZulu/Natal)
Suidelike Gebied (Wes-Kaap en Oos-Kaap)
Hierdie lede word deur die lede van die Nasionale Bestuur wat uit die bepaalde gebied kom, genomineer en moet sover moontlik in elke geval beide die voormalige verenigings en ook verskillende provinsies in die gebied verteenwoordig.

9.1.3 Die Uitvoerende Hoof, met adviserende stem.

9.1.4 Die Adjunk-Uitvoerende Hoof, met adviserende stem en as skriba.

9.1.5 Die ander lede van die voltydse Bestuurspan van die VCSV het adviserende sittingsreg in die Dagbestuur en is by minstens een vergadering per jaar, wanneer strategies beplan word, almal teenwoordig. Vir ander vergaderings bepaal die sakelys watter lede van die voltydse Bestuurspan teenwoordig moet wees.

9.1.6 Elke gebied moet ook sekundi vir hulle verteenwoordigers nomineer.

Die Dagbestuurslede wat gebiede verteenwoordig, dien ex officio in die Provinsiale Bestuur van die provinsie waar hulle betrokke is.

9.2 Dienstermyn

Lede wat deur die Nasionale Bestuur verkies word, se dienstermyn strek oor dieselfde periode as dié van die Nasionale Bestuur.

9.3 Vergaderings

Die Dagbestuur vergader so dikwels as nodig.

9.4 Kworum

Een meer as die helfte van die dienende stemgeregtigde lede van die Dagbestuur vorm ’n kworum.

9.5 Opdrag en bevoegdheid

Die Dagbestuur hanteer alle spoedeisende sake wat nie tot die volgende vergadering van die Nasionale Bestuur kan oorstaan nie. Hierdie sake moet tot die noodsaaklike minimum beperk word. Die Dagbestuur het die bevoegdheid om, wanneer die Nasionale Bestuur nie in sitting is nie, in alle opsigte namens die Nasionale Bestuur op te tree met verslag aan die Nasionale Bestuur, behalwe in die volgende sake wat tot die bevoegdheid van die Nasionale Bestuur beperk word: die wysiging van die Grondwet, die verkiesing van ampsdraers en die goedkeuring van die missie en algemene beleidsrigting van die VCSV.

10. Artikel 10

Die Hoofkantoor

10.1 Bevoegdheid

10.1.1 Die Hoofkantoor van die VCSV dien die vereniging op nasionale vlak en is verantwoording verskuldig aan die Nasionale Bestuur.

10.1.2 Die Uitvoerende Hoof bepaal die samestelling en opdragte van die Hoofkantoorpersoneel in oorleg met die Adjunk-Uitvoerende Hoof en die afdelingshoofde.

10.2 Opdrag

Die Hoofkantoor

10.2.1 voer die opdragte van die Nasionale Bestuur uit;

10.2.2 bly in noue voeling met die onderwysowerhede en onderhandel met hulle oor sake waarby hulle wedersyds belang het;

10.2.3 bly in noue voeling met die kerke en doen gereeld namens die Nasionale Bestuur aan hulle verslag;

10.2.4 dien die Nasionale Bestuur met memoranda en verslae ten einde die ontwikkeling en uitbreiding van die werk van die vereniging te stimuleer;

10.2.5 reël vir die veilige bewaring van alle dokumente, notules en publikasies van die vereniging;

10.2.6 bly op hoogte van die nuutste nasionale en internasionale tendense en ontwikkelinge in jeugbediening en in voeling met die behoeftes van die jeug;

10.2.7 reël self, of in samewerking met Gebieds- of Provinsiale Besture vir spesifieke geleenthede waar die lede van die VCSV jaarliks by groot provinsiale of nasionale kampe of ander saamtrekke geraadpleeg word oor die styl en inhoud van programme en oor die rigting waarin die VCSV ontwikkel;

10.2.8 sorg vir alle publikasies van die VCSV en voorsien die lede van die vereniging van die nodige materiaal;

10.2.9 publiseer ’n lyfblad vir die VCSV en voorsien die ondersteuners van die VCSV gereeld van ’n nuusbrief;

10.2.10 stel die VCSV deur middel van die media bekend en bevorder sodoende sy doelstellings;

10.2.11 adviseer die Nasionale Finanskomitee ten opsigte van alle sake wat verband hou met die finansies van die vereniging;

10.2.12 stel ’n begroting op vir die hoofkantoor. Stel begrotings op vir die Provinsiale- / Gebiedsbesture, na oorlegpleging met die Provinsiale- / Gebiedsbesture. Die begrotings word aan die Nasionale Finanskomitee voorgelê vir goedkeuring, met verslag aan die Nasionale Bestuur;

10.2.13 dra sorg dat daar van al die finansies van die vereniging behoorlik boekgehou word, lê finansiële state wat ’n tydperk van 12 maande dek, deur ’n gekwalifiseerde ouditeur geouditeer, so spoedig moontlik, maar binne drie maande na die einde van elke boekjaar (1 Januarie tot 31 Desember van elke jaar), aan die Nasionale Finanskomitee voor en dra sorg dat alle besture en komitees in ooreenstemming met die Reglement vir die Hantering van Fondse handel;

10.2.14 hanteer alle amptelike korrespondensie van die vereniging;

10.2.15 dra sorg dat die werk van die vereniging behoorlik geadministreer word en sorg vir ’n doeltreffende infra-struktuur;

10.2.16 hou behoorlik boek van alle tersaaklike inligting en data oor takke, ondersteuners, bestuurslede, ens;

10.2.17 stel sy administrasie tot die beskikking van die nasionale komitees vir die doeltreffende uitvoering van hulle opdragte;

10.2.18 organiseer alle projekte en vergaderings van landswye belang;

10.2.19 neem inisiatief ten opsigte van die effektiewe funksionering van die verskillende bestuursvlakke in die VCSV.

Hoofstuk 4

Algemeen

11. Artikel 11

Kennisgewings en vereistes van die Grondwet

11.1 Kennisgewings wat kragtens hierdie Grondwet uitgestuur word, sal as behoorlik gestuur beskou word indien dit per gewone pos afgestuur word sodat dit die geadresseerde betyds behoort te bereik.

11.2 Onopsetlike versuim om enige kennisgewings van enige vergadering aan enige lid te stuur, sal nie die verrigtinge van daardie vergadering ongeldig maak nie.

11.3 Die Nasionale Bestuur sal bevoeg wees om enige onopsetlike versuim om enige vereiste van die Grondwet na te kom, te kondoneer, maar sal nie bevoeg wees om enige opsetlike versuim deur vergaderings, amptenare of lede te kondoneer nie.

12. Artikel 12

Ontbinding

12.1 Die vereniging kan ontbind word mits minstens twee derdes van die stemgeregtigde lede van die Nasionale Bestuur, met ’n mandaat van minstens twee derdes van die Gebieds-/Provinsiale Konferensies van die vereniging daartoe besluit.

12.2 Die Nasionale Bestuur sal met meerderheidstem besluit oor die aanwending van die bates van die vereniging, met dien verstande dat die bates slegs oorgedra kan word aan ’n instansie vir die bevordering van die Christelik-geestelike belange van die jeug in ooreenstemming met die doelstellings van die VCSV, welke instansie ook vrygestel moet wees van die betaling van inkomstebelasting, belasting op geskenke en boedelbelastings en met dien verstande verder dat

geen lid van die VCSV enige reg of aanspraak sal hê ten opsigte van enige bate van die VCSV by ontbinding nie.

12.3 Sodanige besluit ter ontbinding sal bindend wees teenoor al die lede van die vereniging en geen lid of bestuursliggaam van die VCSV sal uit die hoofde van sodanige besluit enige eis of aanspraak hoegenaamd verkry teenoor die vereniging, of enige ander lid of enige bestuursliggaam van die vereniging nie.

13. Artikel 13

Vereniging

13.1 Die vereniging kan met ’n ander vereniging verenig mits minstens twee derdes van die stemgeregtigde lede van die Nasionale Bestuur, met ’n mandaat van minstens twee derdes van die Gebieds-/Provinsiale Konferensies van die vereniging daartoe besluit.

13.2 Die bates van die vereniging sal ná vereniging die gesamentlike bates van die verenigde vereniging wees; en ten opsigte van vaste eiendomme moet al die nodige registrasiehandelinge in die Akteskantoor gedoen word om die eiendomsreg van die verenigde vereniging in die titelakte(s) te reflekteer.

13.3 Sodanige besluit van vereniging sal bindend wees teenoor al die lede van die vereniging en geen lid of bestuursliggaam van die VCSV sal uit hoofde van sodanige besluit of vereniging enige eis of aanspraak hoegenaamd verkry teenoor die vereniging, of enige ander lid of enige bestuursliggaam van die vereniging nie.

14. Artikel 14

Wysiging van die Grondwet

Wysiginge van die Grondwet aan die artikels in hoofstukke 1 en 4 word deur die Nasionale Bestuur gemaak, indien minstens twee derdes van die stemgeregtigde lede, met ’n mandaat van minstens twee derdes van die Gebieds-/Provinsiale Konferensies van die vereniging daartoe besluit. Wysiginge aan die res van die Grondwet word deur die Nasionale Bestuur gemaak. Voorstelle vir die wysiging van die Grondwet word soos volg hanteer:

14.1 Kennis van die voorgestelde wysiging moet minstens 60 dae voor die vergadering van die Nasionale Bestuur aan die Hoofkantoor per aangetekende pos gestuur word. Hierdie bepaling kan in buitengewone gevalle opgehef word mits die Nasionale Bestuur eenparig daartoe besluit.

14.2 Die Grondwet mag alleen gewysig word indien ’n meerderheid van twee-derdes van die stemgeregtigde lede van die Nasionale Bestuur ten gunste daarvan is. Wysiginge aan die Grondwet word dadelik van krag tensy anders besluit word.

Takbesture, Provinsiale / Gebiedsbesture, die Nasionale Studentebestuur, Nasionale komitees en Provinsiale Konferensies

Die samestelling van Takbesture, Provinsiale- / Gebiedsbesture, die Nasionale Studentebestuur, die Nasionale Ondersteunerskomitee, ander Nasionale komitees vir spesiale aksies en opdragte soos Finansies, Eiendomme, Bemarking en Media, Wêreldsending, Vakansiedienste, Diensjaar vir Christus, Leierskapontwikkeling en nasionale projekte (jeugfeeste, geslagskwessies, ens) en die Provinsiale- / Gebiedskonferensies moet funksioneel van aard wees en nie reglementêr van bo af bepaal word nie. Hierdie persone moet self binne die grense van die opdrag wat aan hulle gegee word reglemente opstel en aan die Dagbestuur van die Nasionale Bestuur vir goedkeuring voorlê.